Paris is tuis met volstruis

Paris Hilton pronk trots met twee Klein Karoo volstruisboas wat verlede week deur die kinders van die Jakaranda Kinderhuis in Pretoria aan haar geskenk is. Hilton het met 'n bewusmakingstoer die Jakaranda Kinderhuis besoek en die kinders kon hul opgewondenheid nie beteuel nie en het die Amerikaanse hoteleerfgenaam, aktrise, sangeres en prikkelpop met aandag oorval. Die kinders het pragtige swart en helderpienk boas, wat deur die Klein Karoo Volstruis Boetiek op Oudtshoorn verskaf is en 'n bos blomme aan Hilton oorhandig.

"Ek is versot op swart omdat dit by alles pas en pienk is my gunsteling kleur. Baie dankie hiervoor!," het sy gesê.

Die Jakaranda Kinderhuis het die boas van Oudtshoorn af bekom ten bate van die kinderhuis se behoeftes. Hulle het 'n deurlopende vraag na fondse. Volgens Elize Kerr van Jakaranda is hulle baie dankbaar vir die kinders se geleentheid om haar te ontmoet.

My kombers en jou matras

Lifson Products, die vooraanstaande vervaardiger van duvets en kussings in Suider-Afrika, het onlangs 'n nuwe produk in sy beddegoedreeks bekend gestel. Die nuwe Fine Fibre-reeks bestaan uit duvets en kussings met mikrovesels wat tans die enigste alternatief vir donsvere is. Die mikrovesel is wasbaar en kan ook getuimeldroog word, wat dit die perfekte opsie in die gasvryheidsindustrie maak. Die materiaal bevat geen skadelike chemikalieë nie en alle Fine Fibre-produkte het anti-allergiese eienskappe en mietvry. Kontak Lifson Products by 021-448-5703.